SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

1. **Naam en van:** HENRIëTTE LOUBSER

2. **Universiteit:** UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Meesters: | **Doktoraal:** X | **Postdok:**

3. **Studierigting:** Kinder- en jeugliteratuur en omgewingsopvoeding

4. **Titel van proefskrif of Verhandeling:** Die uitbeelding van omgewingskwessies in geselekteerde tekste uit die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur: 'n Ekokritiese perspektief

5. **Datum van afhandeling:** Augustus 2017 **Uitslag:** Ph.D. toegeken Desember 2017

6. **Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:**

7. **Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.**

Met hierdie navorsingsverslag word die uitbeelding van omgewingskwessies in Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur ondersoek en wel met betrekking tot die potensiaal van hierdie tipe tekste tot omgewingsopvoeding. Die ondersoek reageer op die vraag:

In watter mate word die geheimenisse van die natuurlike omgewing bekend gestel en omgewingskwessies in Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur onder die loep geneem ten einde kinders ekologies bewus te maak en hulle meer sensitief te stem teenoor die natuurlike omgewing en die mens se verhouding tot die natuur?

My aanname is dat verhalende tekste oor die potensiaal beskik om 'n bewustheid van, 'n omgee vir en deernis met ekosisteme en die natuurlike omgewing by jong lesers te kweek en ontwikkel. Ek argumenteer dat kinder- en jeugliteratuur 'n instrument tot omgewingsgeletterdheid kan wees en dat dit leerders kan inlig oor omgewingskonsepte en oor die noue vervlegtheid van alle bestaansvorme op aarde.

Vanuit 'n ekokritiese, sosiaal-ekologiese perspektief word daar diepgaande besin oor wat die verhalende ekoteks behels en hoe dit, as kunsvorm, saam met ekologie en die biologiese wetenskappe sinmaak. Die gekose Afrikaanse ekotekste is ontleed teen die

agtergrond van die mensgedomineerde geologiese epog, die Antroposeen, en aangesien hierdie ‘n interdissiplinêre studie is, het ek ekokritiese teorieë sowel as pedagogiese teorieë oor ekogeletterdheid en omgewingsopvoeding as riglyne gedurende die studie aangewend.

Hierdie proefskrif word aangebied in die vorm van drie samehangende artikels. Die artikels word voorafgegaan deur twee inleidende hoofstukke en eindig met ‘n samevattende hoofstuk. In hoofstuk 1 word die konteks van die navorsingstudie gestel en my persoonlike narratief as navorser word gegee. Hoofstuk 2 bied perspektief op die era van menslike geskiedenis. Hoofstukke 3, 4 en 5 het ontwikkel uit die genoemde drie artikels, waarvan twee reeds gepubliseer is en een vir publikasie aanbeveel is. Daar is uiteindelik ook ‘n samevattende slothoofstuk waartydens navorsing en al die bevindinge geidentifiseer en aangebied, nabetrag en oordink word en waar verdere moontlikhede vir navorsingsreise in die studieveld uitgewys word.

Gebaseer op die navorsing wat ek gedoen het, is dit my bevinding dat Omgewingsopvoeding, soos wat Sauvé (2002:1) dit stel, nie bloot net ‘n instrument in die oplossing van omgewingskwessies is nie, maar dat dit ook ‘n belangrike dimensie van basiese onderwys is, gefokus op ‘n sfeer van interaksie wat die grondslag van persoonlike en sosiale ontwikkeling vorm – ‘n sfeer van verhoudings met ons omgewing en met ons gedeelde leefruimte. Ekotekste beskik oor die potensiaal om jong lesers bewus te maak, hulle op te voed en by hulle ‘n diepe omgee vir ander lewensvorme te ontwikkel en so die sosio-ekologiese gaping te verklein en dalk selfs te oorbrug.

Ek vertrou dat my navorsing sal bydra tot die erkenning van die potensiaal van ekotekste tot omgewingsbewusmaking en dat dit die benutting van hierdie tipe tekste in klaskamers sal bevorder. Aan die einde van hierdie navorsingsreis is dit my gevolgtrekking dat die sosio-ekologiese gaping verklein kan word en dat omgewingsgerigte kinder- en jeugtekste kan bydra tot die ontwikkeling van jong lesers in wat Schreuder (2002:9)